# ELJADA HUIS

Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Facebook – Eljada Huis

13 September 2012

Dagsê Almal

Ek sit saam met almal in 'n vol opleidingslokaal terwyl Ds. Nikolaas Pienaar van GK Pretoria-Wes die bybelstudie open met gebed. My hart loop vanoggend oor van dankbaarheid. Hy gaan die Donderdag bybelstudie vir ons lei en sy mooi gesindheid is net soos Ds. Cobus Rossouw van GK Daspoort wat vir ons die Maandag bybelstudie lei. Eljada Huis is baie dankbaar vir hierdie twee leraars wat hul tyd aan ons afstaan. Ook oom Hennie Taljaard – ouderling van GK Magalieskruin en oom Sakkie Hartzer van GK Rietvallei 'n groot dankie vir jul volgehoue geestelike ondersteuning. Dit is in die eerste plek waaroor die huis gaan – 'n pad in geloof.

Nuwe mense het weer kom aanklop vir hulp en die stukkendgeit is baie erg. Net sodra ek begin dink daar kan nie nog iets erger wees wat ek al gehoor het nie dan stap 'n baie jong – byna 21 mensie in wat meer in haar lewe beleef het as wat ek al in storieboeke gelees het. Ek sit stomgeslaan en weet nie waar om te begin om te help nie. Eerstens 'n koekie badseep en waslap wat 'n luukse is en haar oë laat blink, 'n tandeborsel en tandepasta, 'n bietjie aanrol en sjampoe en ek kry 'n skaam glimlaggie. Die oë bly egter ronddwaal en die stukkend van binne is buie sigbaar. Die man aan haar sy gee werklik om en dit wil voorkom of dit die eerste omgee is wat sy opreg beleef in haar leeftyd. Hul woon saam in die anderskleurige plakkerskamp hier naby en maak 'n lewe deur afval staal bymekaar te maak en te verkwansel. Bid asseblief vir my en hierdie twee mense om weer te probeer sin gee aan hul bestaan.

Su-Marie en Tanya het 'n heerlike verjaardag gehad danksy die kontant bydrae asook die geskenkies wat mildelik gegee is om hul dag spesiaal te maak. Dankie aan almal – hulle het dit verskiklik geniet en waardeer.

Dit gaan baie goed met Jofri se rehab en die geestelike groei en verandering is baie sigbaar. Ek het met verstomming geluister hoe hy met sy moeder gesels om vir haar diep uit sy hart te sê hoe jammer hy is oor alles wat hy haar moes laat deurgaan. Hy neem verantwoordelikheid van sy nuwe lewe en die pad waarop hy is met sy hand in die Here se hand wat hy nou vir die eerste keer ervaar. Hy vertel hoe hy in die verlede sy Bybel opgemaak het, 'n stukkie gelees het en geen voeding daaruit ontvang het nie en dan sê hy hoe hy nou met ander oë na die Skrif kyk en hoe dit met hom praat. Die rustigheid omgewe hom en sy ma se trane lê vlak van dankbaarheid. Dankie Walter en Thereza vir jul dienswerk.

Ons blikkieskas is byna leeg en ek vra dus vleis, vis en groente. Ek wil graag 'n uitnodiging rig aan almal

om een keer per week/maand net een blikkie en een R5 by te dra tot die Eljada Huis. Ek het die oulikste varkies vir die R5 stukke. Kom haal gerus by my een vir die voorportaal van jul gemeentes of besigheid.
Baie dankie by voorbaat.
Eljada Huis groete
Annatjie